// Die Christelike Vrou

Augustus 2025 | Amptelike mondstuk van die NHSV

# VROUEDAG 9 AUGUSTUS 2025

**Ons vier weer Nasionale Vrouedag. In die skadu van die veelbesproke optog in 1956, staan daar ook ander vroue. Vroue wat dalk nie op die voorblad van geskiedenisboeke verskyn het nie, maar wie se invloed diep, wyd en onmeetbaar was.**


Ek dink byvoorbeeld aan die talle Voortrekkervroue van wie ons geleer het, en sommige van wie ons heeltemal te min gehoor het.  Ek dink aan onbekende vroue wat baanbrekerswerk in hul besondere velde gedoen het en steeds doen – weereens sommige van wie min mense weet. Ek dink aan die vroue wat dinge gedink, gesê en gedoen het wat ander nie wou waag nie en dít lank voor dit gemaklik of gewild was. Ek dink na oor die rol van vroue, oor trauma, oor hoop, oor die krag van die alledaagse.

Daar is natuurlik ook die Suid-Afrikaanse vroue wat in mindere of meerdere mate bekend is by vandag se geslag:

- Onthou jy vir Anna Neethling-Pohl? Sy het Afrikaanse teater gevorm op ’n tyd toe dit vir vroue onvanpas was om op ’n verhoog te wees.
- Daar was vroue soos Elsa Joubert, wie se boek *Die swerfjare van Poppie Nongena* ’n stem gegee het aan swart vroue se belewenisse tydens apartheid – ’n gedurfde en noodsaaklike bydrae, veral uit die pen van ’n Afrikaanse vrou in haar tyd.
- Emsie Schoeman het jare lank vroue bemagtig met haar raad oor styl, voorkoms en waardigheid – altyd met grasie, maar nooit sonder inhoud nie.
- Ons onthou Olive Schreiner, ’n vroeë feminis en skrywer wie se dapper denkwyses oor vroueregte en gelykheid haar dekades vooruit geplaas het.
- Ken julle vir Wendy Appelbaum? Sy het deur filantropie en entrepreneurskap bewys dat vroue nie net gemeenskappe kan verander nie, maar ook finansiële markte.
- Natalie du Toit het wêreldwyd hoop gesaai toe sy ná ’n amputasie ’n Olimpiese swemmer gebly het – vasberade, onverskrokke, inspirerend.
- Alison Botha, oorlewende van ’n grusame aanval, het haar trauma omvorm tot ’n stem van krag en genesing vir duisende ander.



# VROUEDAG 9 AUGUSTUS 2025



- Lara Logan het as (oorlogs-)joernalis internasionaal die waarheid nagejaag – dikwels in gevaarlike omstandighede, en met 'n stem wat nie teruggedeins het vir magsmisbruik nie.
- Rebecca Franks, Suid-Afrikaanse wetenskaplike, is steeds instrumenteel in die ontwikkeling van rekenaarstelsels en toepassings.
- Jennifer Thomson is 'n pionier in biotegnologie en genetiese navorsing. Haar werk het die wêreld van landbou en gesondheid verander.
- Majoor Catherine Labuschagne het geskiedenis gemaak as die eerste vroulike gevegsvlieënier in Suid-Afrika – 'n simbool van moed en bekwaamheid in 'n oorwegend manlike domein.
- Thuli Madonsela het as Openbare Beskermer die gewete van 'n nasie geword – ferm, regverdig en ongeëwenaar in haar integriteit.
- Pam Golding het die eiendomswêreld betree toe dit mansgedrewe was, en dit getransformeer met visie, styl en vasberadenheid.
- Karen Zoid word gereken as die eerste vroulike Afrikaanse rocker.

Vrouedag herinner ons nie net aan politieke optogte nie, maar aan vroue wat hul tyd vooruit was en is. Vroue wat nie noodwendig soek na applous nie, maar wat geanker is in roeping, roekeloos gehoorsaam, en met 'n sagte vasberadenheid bly bou aan iets groter as hulself.

So... vandag is daar dalk nie 'n verhoog vir jou nie. Geen lint, geen applous, geen medalje. Maar jy gee om. Jy bou. Jy is daar. Jy dra 'n wêreld op jou skouers – dalk sonder dat enigiemand dit raaksien. Weet net: jy dra nie tevergeefs nie.


Dalk is dít presies wat Vrouedag 2025 moet wees – 'n uitnodiging om jou naam, en die name van vroue rondom jou, in die lig te bring. Dis nie eens nodig om dit op groot skaal te doen nie. Begin by een boodskap. Een dankie. Een knik van erkenning.

Want jy, my vriendin, is ook geskiedenis in wording.

*Hannelie*

# LITURGIESE NADENKE





# LITURGIESE NADENKE

**Friena Maritz**

**Op Saterdag 24 Mei 2025 het ongeveer 20 orreliste, predikante en belangstellendes in Bellville se Hervormde Kerk byeengekom. Onder die geesdriftige leiding van ds Leanie Lemmer is die oggend beplan rondom die onderwerp *Liturgiese nadenke: Verantwoordelikheid en kreatiwiteit*.**

Die aanbieding is interaktief aangebied, met deelname, sang en beluistering deur die gehoor. Dit is immers onmoontlik om oor musiek te praat sonder om dit te doen en te ervaar.

**Die krag van musiek**

As ons oor musiek in die erediens praat, moet ons weer vir mekaar sê dat die wetenskap van Musiekterapie ons herinner dat die mens emosioneel, kognitief en spiritueel deur musiek aangeraak word. Ons kan nie, ook nie in die erediens nie, onaangeraak bly deur musiek nie. Musiek in al sy elemente (melodie, ritme, harmonie, teks) het 'n uitwerking op die mens. As ons verder bewus is daarvan dat ons beelddraers van God is, het ons die besondere verantwoordelikheid en opdrag om bewustelik en kreatief om te gaan met hierdie gawe (musiek) van God.

**Egtheid**

Of dit lof, verwondering, skuldbelydenis of dankbaarheid is waarmee ons in die erediens antwoord, dit is belangrik om dit eg en verantwoordelik, maar ook kreatief en kunstig, te doen. Ons kan nie in ons Kerk kompeteer met ander kerke wat met duur klanktoerusting en ander moontlikhede die diens saamstel nie. Die opdrag kan wel 'n wonderlike geleentheid word as ons dit uitvoer op 'n manier eie aan ons, met die moontlikhede tot ons beskikking. Hoe kry ons dit reg?

**Woordverkondiging en kerklike jaar**


Dit is belangrik om te beklemtoon dat die teks en tema van die Sondag sentraal staan tydens die erediens. Die verantwoordelike wyse om musiek te kies, moet vloei uit dit wat die Woord vra. Vanaf die voorspel, loflied, skuldbelydenis, danklied tot by die naspel, moet alles 'n holistiese eenheid vorm, geïnspireer deur die teks uit die Bybel vir die Sondag. Dan is dit verantwoordelik en eg. Die kerklike jaar vloei natuurlik ten nouste hiermee saam. In die Lydenstyd, byvoorbeeld, sal die teks uiteraard fokus op die lewe en werk van Jesus voor die kruisiging, en die musiek moet deurgaans dié tyd en Bybelgedeelte ondersteun.

**Verhouding tussen predikant en orrelis**

Natuurlik bring bogenoemde 'n besondere verantwoordelikheid mee



# LITURGIESE NADENKE



ten opsigte van die samewerking tussen die prediker en die orrelis. Die predikant moet so vroeg moontlik in die week die teks, boodskap, momente en verloop van die erediens aan die orrelis kommunikeer. Die orrelis het dan die geleentheid en verantwoordelikheid om met hierdie uitgangspunte, in oorleg met die prediker, relevante musiek, van die voorspel tot die naspel, te beplan. Dit bring mee dat persoonlike smaak en willekeur uitgeskakel word en daar temagerig beplan word. Kreatiwiteit binne hierdie raamwerk is dan moontlik en onbeperk.

Ten slotte moet die predikant en die kerkraad kerkmusiek in hul gemeente koester en beskerm. Dit beteken dat die orrelis voortdurend geleentheid moet hê om opleiding te ontvang. Dit behels ook dat die orrel en ander middele beskerm en in stand gehou word, en dat alle ander potensiaal in die gemeente, soos lidmate wat instrumentaliste, sangers, ensovoorts, kan wees, geïdentifiseer en gemotiveer word om deel te wees van die musiekbediening.

**’n Voorreg**

Watter voorreg en dringende verantwoordelikheid is dit om die lof aan ons Vader namens ’n gemeente te bedink en te begelei! Hoe bevoorreg is ons om duisende komposisies van groot komponiste en teksdigters oor eeue tot ons beskikking te hê wat hul geloof in musiek verklank het. Hoe bevoorreg is ons om ’n liedereskat in ons moedertaal Afrikaans te hê, wat ’n ryke verskeidenheid van moontlikhede bied.

Friena Maritz is orrelis en himnoloog van Pretoria en onder meer medewerker aan die Liedboek van die Kerk en lid van die VONKK-komitee.



# WYSE VROUE


EK IS...
Spreukevrou
Liefde
WAARDE
Aanwins
Huisgesin
Edelstene
Liefdevol
Bewonder
Positief
Edel
Vrygewig
Sterk
אֵשֶׁת-חָיִל
eshet chayil

## Vrouedag, vrouemaand en wyse vroue

Mari-lizé Beukes, Voorsitter NHSV Hoofbestuur



**Wie is die Spreuke 31-vrou? In digkuns word verwys na 'n akrostigon of naampoësie waar die letters van 'n naam gebruik word om die versreëls te vorm. Wanneer Spreuke 31:10-31 se 22 verse in die Hebreeuse taal gelees word, begin elke versreël met 'n Hebreeuse letter in alfabetiese volgorde – 22 alfabetletters in totaal. Die Bybel se 2020-vertaling wys die Hebreeuse alfabet vooraan elke vers: https://www.bible.com/af/bible/3499/PRO.31.AFR20**

Die Spreuke 31-gedig vertel van 'n vrou wat nie 'n gebrek aan geld het nie en sy word as koninklik beskryf. Sy bestuur haar groot huishouding met 'n bekwame en hardwerkende geaardheid. Kwaliteite soos wysheid, vrygewigheid, waardigheid en vaardigheid, met 'n sakebrein vir besigheid, word besing.

Haar oop hart vir haar medemens is 'n groot pluspunt en sy is 'n kind van God. Sy was 'n groot teenstelling met sommige ander vroue in die Bybel wat as eiesinnig, luidrugtig, vreemd en uittartend beskou is. Ons lees van prostitute en vroue met gladde monde, asook vroue wat afgode aanbid het.

Wanneer ons Spreuke lees, word daar na verskillende tipes vroue verwys en nie almal is van goeie karakter nie. Ons dink altyd aan die vrou van Spreuke 31 as die ideale vrou vir haar man en die ideale ma vir haar kinders.

Die vrou van Spreuke 31 was egter nie noodwendig die gewone vrou se vriendin nie, want niemand is so goed soos sy nie en niemand kan byhou by alles wat sy doen nie. Sommige eggenote kon baie krities wees en hierdie perfekte vrou voor hul vrouens se kop gooi.

Die boek Spreuke praat eintlik net oor twee soorte mense: *wyse mense* en *dwase mense*. Wysheid omvat al die goeie eienskappe van die Spreuke 31-vrou en eggo in hierdie loflied: *Waar sal jy 'n knap vrou kry? 'n Goeie vrou is meer werd as edelstene* (Spreuke 31:10, NLV).

In teenstelling hiermee is die dwase mense, die egbrekers wat bedrieglike plesier voorop stel en mense in hul strikke vang. *Moenie jou lewe deurbring met hulle wat konings laat struikel nie* (Spreuke 31:3, NLV).

# WYSE VROUE

**Vrouedag, vrouemaand en wyse vroue**

Ons moenie as vroue van vandag ontmoedig word deur die Spreuke 31-vrou nie. Hierdie ongelooflik bekwame vrou word nie noodwendig geloof vir al haar harde werk nie. Spreuke 31:30 sê sy word geloof vir een rede alleen: Haar ontsag vir die Here ons God, en dit is waarmee ons onsself moet vergelyk wanneer ons hierdie gedeelte lees.

Uiterlike skoonheid vergaan en 'n perfekte huis kan weer deurmekaar word, maar wanneer jy God liefhet met jou hele hart, verdien jy om geprys te word. Die boek Spreuke is 'n handleiding vir 'n lewe vol van wysheid met insig. Jy moet wysheid aangryp en daarvolgens jou lewe inrig, of dwaasheid gaan jou ondergang wees.

Ons moet soos die vrou van Spreuke 31 rus en kalmte wees vir ander, 'n skuilplek teen die storms van die lewe, gasvry en 'n seën vir almal om ons én ook vir onsself! Ons wil almal daardie vrou wees, vol wysheid en insig, met ons oë gerig op Jesus, ons Verlosser en Saligmaker.

Die Spreuke 31-vrou is vandag nog vir ons 'n simbool van wysheid, geloof en krag. Augustus is sinoniem met Vrouemaand, en dan vier ons alle vroue van vandag wat vasstaan in hul geloof en waardes. 'n Vrou met beginsels wat nie haar standaarde verlaag vir die wêreld om haar nie.

Sy is 'n simbool van Goddelike wysheid en karakter, en haar krag en waardigheid spruit uit haar geloof in God en haar verhouding met God. Sy is 'n seën vir almal!

God bepaal jou waarde – nie die wêreld nie. God gebruik gewone vroue – soos ek en jy – wat gewillig is om in ons eie lewens, asook in die lewens van ander, uitsonderlike dinge te vermag. Vier jou vrouwees op hierdie Vrouedag en in Vrouemaand, en elke dag daarna!



# RATA SE BABASORGPAKKIES



# RATA SE BABASORGPAKKIES

**Charmaine Fourie, Uitvoerende Direkteur: Rata**

**Rata Maatskaplike Dienste het as diensorgaan van die NHKA ontstaan. Ons werk deur die jare onverpoos voort om kinders uit haglike omstandighede te red en aan hulle die nodige beskerming en statutêre dienste te bied. In 2024 is meer as 530 kinders uit omstandighede van mishandeling, verwaarlosing en selfs situasies van kinderhandel verwyder en in plekke van veiligheid geplaas. Dienste is aan 2 925 kinders in pleegsorg gelewer.**




Ten einde ons hande sterk te maak, vra ons u ondersteuning in die vorm van skenkings van baba-items, of kontantdonasies vir Rata se kinderbeskermingswerk. Die sorgpakkies word aan veiligheidsouers gegee wat op baie kort kennisgewing in krisissituasies babas en jong kinders inneem om hulle tydelik te versorg. Dit gebeur toenemend dat kinders skielik beveilig moet word, gewoonlik slegs met die klere aan hul lyfies, en meestal kan die mammas nie eens die basiese benodigdhede voorsien nie. Rata sal tot 31 Augustus 2025 babapakkies en skenkings by gemeentes in Pretoria kan afhaal, maar u is ook welkom om pakkies by Rata se kantoor by Gemeente Montana te kom afgee. Reël asseblief met Annelle by info@rata.org.za of 064 437 5997.

Ons sal dit opreg waardeer indien gemeentes buite Pretoria aan ons projek sal deelneem deur middel van 'n finansiële skenking. Die skenkings wat vir hierdie projek ontvang word, sal ook vir ander Rata-kantore aangewend kan word en na die betrokke kantore versprei word.

Bankbesonderhede vir finansiële bydraes is: Rata, ABSA, tjekrekening, rekeningnommer 0020600209. Gebruik die volgende verwysing: gemeentenaam + SORG. Stuur asseblief die bewys van betaling na fin@rata.org.za.

Gebruik gerus u eie oordeel oor die pakkies. Die onderstaande lysie is slegs voorstelle indien u nie seker is wat benodig word nie.

**Babasorgpakkie**

- NAN of Infacare-babaformule.
- 'n Pak weggooidoeke – pasgebore tot 24 maande. Dui asseblief die grootte op die sorgpakkie aan.
- 'n Fopspeen en 'n bababottel.
- 'n Handdoek, waslappie en babaseep. Die kop-tot-tone vloeibare seep werk baie goed (verkieslik hipo-allergenies).
- Watergebaseerde (Aqueous) room – verkieslik die ongegeurde weergawe.
- 'n Kombersie.
- 'n Sagte speelding.
- 'n Babasak.

Die geldwaarde van so 'n pakkie is ongeveer R1 400, maar dit maak die wêreld se verskil vir 'n weerlose klein kindjie.

Belangstellende gemeentelede word ook uitgenooi om aan ons Gholfdag deel te neem of 'n putjie te borg op 12 Augustus 2025 by Silver Lakes Golf Estate. Inskrywingsvorms, borgskapvorms en meer inligting kan van Annelle aangevra word by info@rata.org.za of 064 437 5997.



# FINALEJAAR TEOLOGIESTUDENTE



# FINALEJAAR TEOLOGIESTUDENTE

**NHSV Inligtingsessie 2025** **Rozelda Nel, NHSV Kantoor**




***Foto voor vlnr:***
***Zanedrieka de Lange (Gemeente Noordwestelike Pretoria) en***
***Helga du Plessis (Gemeente Sionspoort).***
***Agter vlnr:***
***Peet Bloem (Gemeente Secunda),***
***Kharla Guest (Gemeente Meyerton-Suid),***
***Mari-lizé Beukes (voorsitter NHSV Hoofbestuur),***
***Carien Janeke (Gemeente Joachim Prinsloo) en***
***Christo Pieterse (Gemeente Losberg).***

**Die NHSV se jaarlikse inligtingsessie vir die finalejaar teologiestudente het op Vrydag 25 Julie 2025 by Gemeente Philadelphia plaasgevind tydens een van die vier kontakweke in hul finale jaar.**

Die NHSV Hoofbestuur se gesprek met die studente, wat al vir dekades 'n jaarlikse instelling is, is waargeneem deur mev Mari-lizé Beukes, voorsitter van die NHSV Hoofbestuur.

Tydens hierdie geleentheid is die NHSV se dienslewering binne gemeentes en in NHSV streke landwyd breedvoerig bespreek, asook die nasionale betrokkenheid van die NHSV Hoofbestuur binne en buite die Kerk.

Met hul studieloopbaan amper op 'n einde, kon ses van die sewe finalejaarstudente vir ons tyd inruim om met hulle te gesels tydens 'n ligte middagete wat die NHSV spesiaal vir hulle voorgesit het saam met 'n geskenkpakkie vir elkeen.

Die finalejaarstudente aan die Hervormde Teologiese Kollege sluit in: Helga du Plessis van Gemeente Sionspoort; Zanedrieka de Lange van Gemeente Noordwestelike Pretoria; Kharla Guest van Gemeente Meyerton-Suid; Carien Janeke van Gemeente Joachim Prinsloo; Peet Bloem van Gemeente Secunda; en Christo Pieterse van Gemeente Losberg. Afwesig was Elizabeth Rossouw wat terug Kaap toe is vir haar proefpreek op Sondag 27 Julie 2025 in Gemeente Stellenbosch.

Aan entoesiasme was daar geen tekort nie. Elkeen van hierdie ses studente het vertel hoe hulle van jongs af die NHSV in die Kerk leer ken het in die gemeentes waar hulle grootgeword het!

Die NHSV se werksaamhede en prioriteite is beklemtoon: Bejaardesorg, Studielenings aan Hervormde studente; en Armoedeverligting; en natuurlik die geestelike toerusting van ons vrouelidmate.

Die inligting wat gedeel is, is toegelig deur middel van die NHSV se jaarlikse vooruitskouing, wat beskikbaar is op die NHSV se webblad www.nhsv.org.za.

Die temas vir 2024 en 2025 se streekbyeenkomste sowel as 2026 se NHSV Nasionale Kongres is bespreek, en die nuutste uitgawes van ons vrouetydskrifte *Die Christelike Vrou* en *Vroueflitse* is aan hulle uitgedeel. Hierdie pragtige groep teologiestudente is tans besig met hul finale praktiese jaar by 'n Hervormde gemeente, en die NHSV bid hulle die seën van die Here toe vir hul werk in die Kerk.

Mag julle in die gemeentes waar julle werksaam gaan wees, ook beleef hoe die NHSV se leuse *Wees 'n seen* tot uiting kom daar waar vrouelidmate 'n dienende teenwoordigheid in die lewe van die Kerk is.

# ’N DAG VAN ONTHOU EN SAAMWEES



# 'N DAG VAN ONTHOU EN SAAMWEES

**NHSV eer emeritipredikante in die Wes-Kaap**

**Ria Schempers, Streekvoorsitter: Wes-Kaap**

**Wanneer mense wat vir jare die Here se kudde versorg het, weer saamkom om herinneringe te deel en hande te vat, gebeur daar iets besonders. Só was dit ook op 17 Mei, toe die Hoofbestuur van die NHSV 'n spesiale bederfdag gereël het vir emeritipredikante, hul gades, en die predikanteweduwees van die Wes-Kaap.**

Die pragtige Wiesenhof buite Franschhoek was die ideale agtergrond vir hierdie hartlike byeenkoms. In die warm atmosfeer van gesellige heid is daar heerlik geëet, gelag en stories gedeel. Die kuier het nie net gegaan oor die bord kos nie – dit was die gesprekke, die herontmoetings en die opregte *hoe gaan dit met jou?* wat almal se harte warm gemaak het.

Onder die gaste was verskeie bekendes: Dr Piet van Staden (Worcester), dr Piet van Zyl, ds Etienne Verhage, ds Jakkals van Rensburg (Paarl), dr Chris le Roux (Stellenbosch), ds Tony Simpson, dr Piet van Staden en dr Kálmán Papp – almal manne wat diep spore in gemeentes en die res van die Kerk getrap het.

So 'n geleentheid is iets besonders. Dit was nie net 'n ete nie – dit was erkenning, liefde en dankbaarheid in aksie. En soos een van die gaste gesê het: *Ons gaan hierdie dag elke jaar op die kalender afmerk!*

Nou bly daar net een vraag oor: Die groep emeriti in die noorde van die land noem hulself die Eendrachtkring. Wat gaan ons hierdie spesiale klub in die Kaap noem? Voorstelle welkom!

Die grootste dank gaan aan die NHSV se Hoofbestuur wat dié dag moontlik gemaak het – 'n blyk van waardering wat baie beteken het en self diep waardeer is.





***Tannie Kitty het almal laat lag toe sy opgewonde in 'n hangstoel gaan sit en dit dadelik moes uittoets. "Net om te sien hoe dit voel!" het sy met 'n glimlag gesê – en daar was sommer gou 'n ry agter haar!***

***Op die foto van links na regs verskyn: Agter: Piet van Zyl, Piet van Staden, Jakkals van Rensburg, Etienne en Brenda Verhage. Middel: Piet van Staden, Irma van Zyl, Ria Schempers, Carin van Rensburg, Chris en Lea le Roux, Kálmán en Leoné Papp. Voor: Tony en Wallie Simpson, Kitty Botha.***

**Medewerkers aan hierdie uitgawe:**
**Ds Hannelie Botha (redakteur), Friena Maritz, Mari-lizé Beukes, Charmaine Fourie, Rozelda Nel, Ria Schempers**
**Taalversorging: Tessa Oppermann**
**Foto's vanaf www.Pixabay.com of https://www.freepik.com of skrywers. Ander grafika van www.flaticon.com**
**Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na admin@nhsv.org.za**

| | | |
|---|---|---|
| www.nhsv.org.za | *Porterstraat 40, Rawsonville, 6845* | diechristelikevrou@gmail.com |
| diechristelike | Christelike Vrou | *082 923 9439* |

***Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van* Die Christelike Vrou *se redaksie of die NHSV nie.***